

# ONGEKENDE GESTALTES VAN GEREGTIGHEID




**1**

Die afgesonderde El sal Hom as die Afgesonderde laat ken deur geregtigheid (Jes 5:16)

**DIE EIENSKAP WAARAAN YAHWEH VERAL UITGEKEN WORD**

**2**

Die naam waarmee Dawid se nasaat genoem sal word: Yahweh is ons geregtigheid (Jer 23:6)

**SOOS ONS MEESTER, IS ONS GEREGTIGHEID UIT YAHWEH**

**3**

Ek is Yahweh wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in hierdie dinge het Ek 'n behae (Jer 9:24)

**IS DIE BEGEERTE VAN YAHWEH VIR ONS BELANGRIK?**

**4**

As die afvallige hom bekeer en my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy beslis lewe (Eseg 18:21)

**BEKERING EN GEREGTIGHEID IS TEN NOUSTE IN MEKAAR VERWEEF**

**5**

Saai in geregtigheid, maai in liefde, soek Yahweh totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën (Hos 10:12)

**DIE EEN WAT YAHWEH SOEK, SAL VAN BÓ GEREGTIGHEID SOOS REËN BELEEF**

**6**

Verwyder van My die geraas van jou liedere en laat geregtigheid aanrol soos 'n standhoudende stroom (Amos 23-24)

**RITUELE KAN NOOIT DIE PLEK VAN GEREGTIGHEID INNEEM NIE**

## 7

Want die geregtigheid van Elohiem word (in die boodskap van die Messias) geopenbaar uit geloof tot geloof (Rom 1:17)

"Uit geloof, tot geloof ..."
***"ek pisteos, eis pistin ..."***

**VAN SO VROEG SOOS AVRAHAM WEET ONS DAT WARE GEREGTIGHEID NIE SONDER GELOOF KAN BESTAAN NIE**

## 8

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van Elohiem in Hom (2 Kor 5:21)

"Die geregtigheid van Elohiem ..."
***"dikaiosune Theou ..."***

**DIE SONDE WAT Y'SHUA GEDRA HET, WAS ONS S'N EN DIE GEREGTIGHEID WAARMEE ONS BEKLEE WORD, IS YAHWEH S'N**

## 9

Die Skrif sê: En Avraham het Yahweh geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van Elohiem genoem (Jak 2:23)

"'n Vriend van Elohiem genoem ..."
***"philos theou eklethe ..."***

**DIEGENE WAT WANDEL IN GELOOF EN IN HULLE GELOOF OP GEREGTIGHEID FOKUS, WORD AS GELIEFDES VAN YAHWEH GEREKEN**

## 10

Wandel soos kinders van die lig ... die vrug van die lig bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid (Efes 5:8-9)

"die vrug van die lig ..."
***"ho karpos tou photos ..."***

**GEREGTIGHEID IS DIE VRUG WAT YAHWEH DEUR SY GEES VIR ONS GEE, SAAM MET GOEDGESINDHEID EN LIEFDE VIR DIE WAARHEID**

**Geregtigheid is in die Skrif die teenoorgestelde van ongeregtigheid. Vergelyk:**

Luk 13:27 En Hy sal sê: Ek sê vir julle, Ek ken julle nie … gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid (**adikias – anti-geregtigheid**)!

Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat ongeregtigheid (**anomian – anti-torah**) bedryf!

**Net so min as wat ons ons lewe wil bou op dit wat téén geregtigheid indruis, net so min op dit wat teen die Torah indruis. Daarom is geregtigheid:**

Dit wat ons najaag (Deut 16:20); Dit wat ons daagliks al hoe meer doen (Ps 15:2); Die spore waarin ons trap (Ps 23:3); Dit waaroor ons praat (Ps 40:9); Dit waarmee ons ons pad reguit maak (Spr 11:5); Dit wat ons aantrek soos 'n pantser (Jes 59:17); Dit waarna ons honger en dors (Mat 5:6) en dit waarop ons hoop (Gal 5:5).